Bybel vir Kinders

bied aan



Simson, God se sterk Man

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest; Alastair Paterson
Aangepas deur: Lyn Doerksen
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Lank gelede in die land van Israel, het 'n man met die naam Manöag gewoon. Hy en sy vrou het geen kinders gehad nie. Een dag het die Engel van God aan mevrou Manöag verskyn.
"Jy gaan 'n baie spesiale baba kry,"
het Hy gesê.

Sy het haar man die wonderlike nuus vertel. Manöag het gebid, "O my Heer ... kom weer na ons. Leer ons wat ons moet doen vir die kind."



Die Engel het Manöag gesê die kind mag nooit sy hare sny, nooit drank drink nie en mag net sekere kos eet. God het die kind gekies om 'n rigter te wees. Hy sou Israel lei.





God se mense het beslis hulp nodig gehad. Hulle het God uit hul lewens gelos en is geboelie deur hulle vyande, die Fillistyne. Maar wanneer hulle gebid het, het God gehoor. Hy stuur hulle die baba wat die wêreld se sterkste man sou wees.

“Die vrou het geboorte geskenk aan ‘n seun en hom Simson genoem. Die kind het gegroei en die HERE het hom geseën. Die Gees van God het in hom geleef.” Simson het baie sterk geword. Eendag het hy ‘n jong leeu geveg met kaal hande en dit gedood!



Later het Simson heuning van 'n swerm bye geëet wat in die leeu se karkas nes gemaak het. Hy het 'n raaisel gemaak: "Spys het uit die eter uitgegaan, en soetigheid uit die sterke."

Niemand kon die betekenis raai
nie – maar Simson se nuwe vrou,
'n Fillistyn het haar vriende vertel.
Dit het Simson baie kwaad gemaak.

Simson was selfs meer kwaad toe die Fillistyne sy vrou gee vir sy beste vriend. Hy het wraak beplan. Maar hoe? Eerste het Simson 300 jakkalse gevang. Hy het hulle sterte aan mekaar geknoop, twee twee en brandende fakkels daar vas gemaak.

Simson het die jakkalse losgelaat in die Fillistyne se ongesnyde graan!



Die Fillistyne het wraak gesoek. Simson het dat hulle hom vang, vasmaak en oorgee aan die Fillistyne.



Maar die Gees van God het oor Simson gekom. Hy het die toue gebreek, 'n vars kakebeen van 'n dooie donkie gevat en 1000 gedood.



Fillistynse soek geselskappe het na Simson gesoek. Een aand het hulle hom vasgekeer in 'n stad en die hekke gesluit. Maar Simson het uitgeloop – hy het die stad se hekke op sy skouers gedra!



Maar Simson het God gefaal. God het hom krag gegee solank hy gehoorsaam is. Een dag het Simson sy geheim van sy krag met Delilla, 'n mooi Fillistynse spioen gedeel. Sy het dat 'n man Simson se hare afskeer terwyl hy slaap.

Die Fillistynse soldate het Simson aangeval in Delilla Se kamer.

Simson het hard geveg – maar sy krag was weg. Sy vyande het sy oë uitgesteek. Blind en swak het Simson die Fillistyne se slaaf geword. Hulle het gelag en gespot met God se dienaar.

Die Fillistyne het 'n fees gehad. Hulle het hul vis-god geprys omdat hy Simson se lewe in hulle hande gegee het. Hulle het gedrink en gejuig in Dagon se tempel. Hulle het geroep dat Simson vir hulle moet kom optree.



'n Seun het Simson gebring, hy het hom teen die pilare wat die tempel ophou laat leun. Daar was 3000 Fillistyne op die dak, en baie meer in die tempel, en almal het hom gespot.



Simson se hare het begin groei in die tronk. Nou het hy gebid, "O Here God, gee my krag net hierdie een keer, sodat ek wraak kan neem vir my twee oë."



Sal God Simson die krag gee weer? Kan Simson die onmoontlike doen? JA! JA! Kreunend en steunend het Simson die kragtige pilare apart gedruk. Dagon se tempel het ineengestort en duisende Fillistyne het gesterf saam met Simson!



Simson, God se sterk Man

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Rigters 13 - 16

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16